041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Ds Pieter wil graag enige nuwe lidmate of besoekers ontmoet - so kom maak asb. kennis na afloop van die erediens, voor in die kerkgebou!

Nuwe Lidmate, wat nou by Hoogland inskakel,
kontak gerus vir Annalize in die kerkkantoor (041 367 1485) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kontak kan maak.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
10:00 GVG in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: Sin Jeug

Algemeen

Program vir die week:

Maandag: 8 April
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel

Woensdag: 10 April
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 12 April
05:15 Mannebediening

Dankoffers

Daardeur gaan geloof deur liefde tot dade oor.

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie:
Gebedsversoeke kan hoogs vertroulik per WhatsApp gestuur word na 079 815 9325

Ds Sunell is met verlof vanaf 1 tot en met 21 April 2024.
Hoogland wens haar 'n wel verdiende rustyd toe.

Die volgende Kerkraadsvergadering vind plaas Donderdagaand, 18 April om 19:00. U voorbidding word asseblief daarvoor gevra.

Omgee/Bybelstudie kleingroep

Huidige inwoners van Kinibaai, Izak & Hermien Liebenberg, wil graag 'n omgee/bybelstudie kleingroep begin.
WhatsApp gerus KLEINGROEP met jou naam & van na 079 815 9325 of gesels met Ds Pieter of Leandra en hulle sal julle bymekaar bring.

Koor, Kos & Kuierfees 2024

GVG kinders & ouers word uitgenooi om volgende Sondag, 14 April te kom KK&K Kastele bou! Elke GVG jongmens ontvang vandag 'n lysie met "bou benodigdhede" by hulle mentor.

Kom skakel in en bou saam!

Op die banke is daar verskeie lyste wat u asseblief moet deurgaan en aandui waar & waarmee u kan help. Gesels gerus met Annalize / Leon na afloop van die Erediens as daar enige navrae is!

Let asseblief daarop dat die Koorfees kaartjies UITVERKOOP is!

Doop @ Hoogland

Hoogland wil graag ouers toe rus om ten beste hul kinders te begelei op hul geestelike reis, dus is daar 'n doopkursus waar voornemende ouers (saam met ander) op reis sal wees voor hulle, hulle babas wil laat doop.

HOE werk dit?

Indien ouers wil doop, of êrens van voorneme is om hul baba te doop, is 'n doopkursus `n vereiste. Indien die kursus een maal deurgeloop is, sal net 'n kort opvolg gesprek nodig wees vir 'n volgende baba se doop. In uitsonderlike omstandighede, sal voorsiening gemaak word vir 'n ouer/ouers om aanlyn in te skakel by die kursus.

Tyd? Plek? Datum?

Dinsdagaande, 21 Mei tot 11 Junie om 18:00

Bespreking:

Bespreking om die doopkursus by te woon, geskied deur Leandra by die kerkkantoor te kontak by: 041-367 1485 / leandra@pehoogland.co.za / WhatsApp: 079 815 9325.

Uit die hart … ds Pieter

Daar was 'n tyd, o God,
toe ek na aan U was;
toe my geloof sin gemaak het;
toe ek gereeld in die kerk gekom het;
toe ek hartlik met ander gelowiges saam kon wees.

Toe was sekerheid oor U nie eens 'n vraag nie.
Maar nou het ek in diep twyfel geval.
Waar ek eers gedink het
ek kan dalk sonder U
en "georganiseerde godsdiens" klaarkom
– sterk en op my eie aangewese –
besef ek nou ek kan nie.

Maar ek kan ook nie sommer
na U toe terugkeer nie,
want diep binne-in my
weet ek nie meer soos vroeër nie.
Nou is ek vasgevang tussen weet en nie-weet-nie;
tussen glo en nie-glo-nie;
tussen sekerheid en twyfel.
Dit maak my gek!

Ek draai dus na U toe sonder vaste grond:
U is my rots.
Ek draai na U toe sonder geloof:
U is my vertroue.
Ek draai na U toe sonder selfgenoegsaamheid:
U is my Helper.

En ek vermoed dat U mense soos ek
nog steeds liefhet.
U los ons nie uit nie.
U kyk met deernis hoe ons stry met die lewe en met U.
Ek weet as ek twyfel en nie weet nie:
U is my God
(Gebed deur Piet Naudé)

Die opstanding van Jesus bevestig en getuig dat Jesus my God is.